**VRYDAG 23 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 2:40-52**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 2:49**

## Jesus se hoogste prioriteit

Toe Hy 12 jaar oud was, het Jesus sy ouers (waarskynlik) vir die eerste keer na die jaarlikse Paasfees in Jerusalem vergesel. Daar aanskou Hy onder andere die slagting van die paaslam en die ander tempelseremonies wat op Hom betrekking het.

Presies hoe die jeugdige Jesus al hierdie dinge belewe het, word nie in soveel woorde vir ons gesê nie. Wat wel sonder twyfel waar is, is dat sy gedagtes en belewenisse só verhewe was dat dit in geen mensewoorde na regte beskryf kan word nie. Ja, natuurlik was Hy tuis in die huis van sy Vader, want daar het Hy iets van die atmosfeer ervaar waaraan Hy voor sy menswording gewoond was. Daarom is dit nie vreemd dat Jesus in die tempel agtergebly het toe sy aardse ouers hulle terugtog aangepak het nie. Hy moes nou in die huis van sy Vader met die dinge van sy Vader besig wees!

Jesus se antwoord aan die ontstelde Josef en Maria (vs 49) is van besondere betekenis. Dit is sy eerste woorde wat vir ons opgeteken is en dit verklaar sy verdere optrede baie duidelik. Hoewel Hy voortgaan om sy aardse ouers te eer, moet hulle begryp dat Hy bo alles besig moes wees met die dinge van sy wáre Vader. Daarom is sy ware familie diegene wat saam met Hom die wil van sy Vader in die hemel doen (Mark. 3:31-35).

Niks was ooit vir Jesus belangriker as om die wil van sy Vader in die hemel te gehoorsaam nie. Onder hierdie volmaakte wil het Hy onvoorwaardelik gebuig: deur sy doop, die versoekinge, die verheerliking op die berg, Getsemane en die onregverdige verhore. Uiteindelik Golgota waar Hy aan die einde van sy volmaakte lydensweg kon verklaar: “Dit is volbring!” (Joh. 19:30).

Deur geloof in Jesus Christus mag ook jy 'n kind wees in die huisgesin van die hemelse Vader. In en deur Hom, die unieke Seun van God, mag jy as aangenome seun of dogter sy Vader ook jou Vader noem. Dit is 'n onbeskryflike voorreg. Dien daarom – soos jou oudste Broer – jou Vader met onvoorwaardelike gehoorsaamheid.

*Sing: Psalm 84:1, 5*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Hermanus)*